

**17 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30**  
**Fokusgedeelte: Romeine 6:18**

### **Geloofsversterking**

Krag om te bid. Reg te bid. Aan te hou bid. Soms het ons net nie die krag daarvoor nie. Ek bereik 'n geloofslaagtepunt. Of ek is deur so 'n groot krisis waarin ek ontnugterd gelaat is en ek net nie kan bid nie. Ek kry nie regtig diepte in my gebedslewe nie. Ek het dringend versterking nodig.

Dit is nie net krag uit die kos wat ons eet, of deur te rus, of deur spesiale diëte te volg of die regte stimulant te gebruik nie. Ons het geloofsversterking nodig.

In 6:10 word ons opgeroep om ons krag in die Here te vind. Hy besit alle krag en Hy laat ons deel in sy krag, omdat Hy uit die dood uit opgestaan het. Hy versterk ons as ons in 'n intieme geloofsverhouding met Hom lewe.

Hy versterk ons om sy wapenrusting te aantrek. Hy versterk ons ook deur sy Gees om te bid. Altyd te bid. Waaksaam te bid. Vir alle gelowiges te bid. Die Vader stuur mos juis ook die Heilige Gees om ons in ons gebede te versterk. In Romeine 8 hoor ons dat die Gees ons besonderlik help in ons gebede, omdat ons maar onbeholpe is oor wat en hoe ons moet bid. Hy kom ondersteun ons sodat ons tot eer van die Vader kan bid.

Die Gees ondersteun ons sodat ons self en ander op ons pos kan bly in ons stryd teen die bose. Ons het nie net die wapenrusting nodig nie, maar ook die gebed. Ontvang versterking in jou gebedslewe. Gebruik die Gees om jou te help. Die Gees is beskikbaar.

*Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2 Ds. HG Schutte (Suidkus)*